

ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Culturam Colite

(Leef jou kultuur)

Tensy anders vermeld, is die teksverwysings uit die 1983-Bybelvertaling

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- Christelike Opvoeding
- Christelike Onderwys en
- Christelike Wetenskap

“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Kennis begin met die dien van die Here.” (Spreuke 1:7)

“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Ds. P.J. Strauss, Lofdal, Bloemfontein
Kolossense 1, 2 en 4

Verbreek die Kringloop

Wat die mens saai dit sal hy maai, of oorsaak en gevolg het ’n logiese verband. So is daar ook in ons land ’n bose kringloop wat dreig om alles wat mooi en positief is te vernietig. Rassehaat produseer nog meer haat, misdaad bring meer misdadigers na vore en so kan ons voortgaan.

’n Bietjie nader aan ons lyf of hart is die rol wat ons as mans en vaders speel. Dit is dikwels vir ons baie gerieflik dat vroue ook graag ’n leidende rol wil speel en dan gee ons ons Godgegewe taak prys om as hoof van ons huis op te tree.

Dissiplineprobleme begin heel dikwels hier en werk deur na alle fasette van die samelewing. Huweliksontrou, drankmisbruik, dobbel, ens. word mode. Die Bybel is vol voorbeelde van mans wat hul huweliks- en doopbeloftes verbreek het en die wrange vrugte moes pluk. Ja, dikwels het hul nageslagte nog lank na hulle as gevolg daarvan gely.

Hoe kan die kringloop verbreek word? In die brief aan die Kolossense kry ons ’n stewige antwoord.

Laat ons kortliks kyk na die omstandighede waaronder die brief geskryf is. Die gemeente van Kolosse het ontstaan uit die werk van Paulus in Efese oor byna drie jaar. Epafras en ander wat tot geloof gekom het uit die omgewing, het die geloofsaad gesaai en aan die gang gehou nadat Paulus die gebied verlaat het.

Die gemeente het bestaan uit Jode en ander wat uit die veelgodedom kom.

Elke groep het hul eie waardes, geloofsoortuigings, ens. ingedra sodat die suiwer geloof spoedig bedreig is.

Die Jode het geglo dat streng wette, wat hul eet en drink bepaal, asook die onderhouding van sekere kultiese dae, die oplossing sou bied.

Die ander het geglo dat onsigbare magte aan die werk is en dat die magte deur ander magte in die geesteswêreld oorwin moes word. Omdat hulle nou Christene was, het hulle geglo engele moes daardie rol vervul. Om hulle samewerking te verkry, moes hulle (soos vroeër in hul heidense dae) tot ’n diepere kennis (gnosis) kom. In al die gevalle het hulle die oplossing in hulself gesoek. Geen wonder dat Epafras by Paulus gaan raad vra het nie.

Vervolg op bl. 2

In hierdie uitgawe

Die mens as vormer van kultuur	3
Wetenskapsverafgoding en antitesis	5
Kultuurwerk, my godgegewe roeping	8
Nie meer ‘man’ of ‘vrou’ nie	10
Nuwe handves van verantwoordelikhede	11
Veel te put uit die Waldense	13
Praktykmaking van onderwys	14

Vervolg van bl. 1

Laat ons onthou dat dit 'n baie jong en klein geloofsgemeenskappie was te midde van 'n magtige oseaan van ongelowiges. Hulle het uit hulle gekom, was aan hulle verbonde deur familie- en vriendskapsbande en het saam met hulle gewerk.

Dit laat ons aan onself dink. Al is ons nie 'n gemeenskap van jong gelowiges nie, is ons tog saam met gelowiges uit ander kultuuragtergronde wat hul eie gelowe saamgebring het. Ons lewe onder 'n massa wat weinig weet van die koninkryk van God en sy beginsels. Ons word ook baie sterk beïnvloed deur die materialisme en soms 'n blinde geloof in die wetenskap.

Wat was Paulus (God) se antwoord?

Jesus, die Seun van God, word in al sy heerlijkheid voorgehou. (Lees asb. self die hele brief.) Kol. 1:15-20: "Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, ook die engele om sy troon, en al die geestelike magte.

Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen."

Wanneer 'n mens weer vanuit dié perspektief na die werklikheid kyk, bring dit hoop en verwagting.

Laat my nog enkele waarhede met u deel om ons taak duideliker uit te spel Kol. 1:21-23: "Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel. Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die evangelie wat aan al die mense op die aarde verkondig is nie."

Die geheimenis vir die nasie: "Christus is in julle." - Kol. 1:27.

"Die geheimenis is Christus, en in Hom is al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind." - Kol. 2:2 - 3.

"Hy (God) het die bose magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer." - Kol. 2:15.

Dit is enkele van die groot waarhede wat die mag van die Bose, pessimisme, twyfel, ongehoorsaamheid, papbroekigheid, ens. verbreek, sodat ons soos die handjievol eerste Christene die wêreld vir Christus kan wen.

Epafras se gebed was: "... DAT JULLE STAANDE MAG BLY, GEESTELIK VOLWASSE EN IN ALLES VOLKOME GEHOORSAAM AAN DIE WIL VAN GOD." - Kol. 4:12

Kom ons vestig die oë op Jesus Christus en loop die skanse in sy Naam storm. Kom ons breek die kringloop.

Groete in Christus Jesus.



Volksplanting en ons kultuur – 'n redaksionele oorskou

6 April 1652 of Volksplantingsdag het, volgens die beskouing van die Christen-Afrikaner, nog deurgaans die oortuiging dat 'n menslik-beplande handeling onder die voorsienigheid van God-drieënig tot die geboorte van 'n selfstandige volk aan die Suidpunt van Afrika gelei het, gehandhaaf; so was dit ongetwyfeld tot 1994 die geval, wanneer ons telkens Van Riebeeckdag gevier het. Terwyl die Here XVII van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie, toe hulle die oprigting van 'n verversingpos aan die Kaap in vooruitsig gestel het, sekerlik nie die planting van 'n volk in gedagte gehad het nie, was hulle optrede nogtans instrumenteel in die totstandkoming van die Afrikanervolk onder die beskikkende hand van God, op grond waarvan ons moet glo dat hierdie volk sy ontstaan aan daardie besondere gebeure te danke het.

Kragtens hierdie histories-demografiese gegewens, moet derhalwe verklaar word dat die oorsprong van die volk-in-wording sedert die twee-

de helfte van die 17de eeu hier in Suid-Afrika na die Protestants-gereformeerde religieuse en kulturele geestesbedding wat deur die 16de eeuse Hervorming voortgebring was, en in Europese lande gevestig geraak het, teruggevoer kan word. Wanneer die betekenisvolle rol van die Van Riebeecks as Nederlanders van gereformeerde stand in oënskou geneem word, bring dit opnuut die besef dat die nedersetting wat algaande aan die Kaap sy beslag gekry het, nie van 'n ander bron en herkoms as juis hierdie een moes wees nie, en sien gevolglik daarin die bestier van die gang van die geskiedenis deur God self, Wie dit behaag het om 'n selfstandige volk met 'n eie identiteit hier te laat ontplooi. In ons beskouing daarvan behoort hierdie historiese verloop dus onuitwisbaar in ons terugdink aan ons verlede ingegriffel te wees, en kan ons vandag soveel eeue later steeds die bestaan en voortbestaan van ons eie volk daarvolgens beoordeel en evalueer.

Wanneer gelet word op die soort benadering wat aan die Kaap gevolg was, word dit uit die staanspoor reeds duidelik dat vandat daar voet aan wal gesit was, dit die uitdruklike voorneme was om die verversingpos wat later tot nedersetting ontwikkel het, so in te rig en te bestuur dat dit aan die Christelik-gereformeerde godsdienstige en kulturele lewensooruiging gevolg sou gee. Dit vind 'n mens ondermeer treffend in die gebed van Van Riebeeck aan die Kaapse strand kort na hul aankoms, en die versugting wat daarin na vore kom dat hierdie woeste land tot die Christelike geloof gekersten mag word. Dit blyk ook uit die wyse waarop daar gereeld godsdiens gehou was. Die nedersetters van Geuse herkoms aan die Kaap het 'n bepaalde kultuur hier kom vestig wat uit hul religieus-lewensbeskoulike oortuiging gespruit het, geheel anders as dié van die stamme met

Vervolg op bl. 8

Die mens as vormer van kultuur

Prof. P.H. Stoker
Potchefstroom



Die kultuuropdrag

Johannes Calvyn was 'n tweede-generasie Hervormer, wat voortgebou het op die fondament wat deur Luther en Zwingli gelê is. Calvyn het nie alleen 'n oorspronklike en uitgebreide bydrae tot teologie gemaak nie, maar ook op die gebied van die mens se kulturele opdrag in die alledaagse lewe. Volgens H.R. van Til kan hy by uitstek genoem word die teoloog van kultuur (Van Til, 2001:89).

Nederlandse teoloë en wysgere soos A. Kuyper, H. Bavinck, Dooyeweerd, Vollenhoven en K. Schilder het op Calvyn se teologiese werke voortgebou en enkele fasette van Calvyn se onderontwikkelde gedagtes verder uitgewerk. Hierby sluit die werke van H.G. Stoker en C. van Til onderskeidelik in Suid-Afrika en die VSA aan. Al hierdie werke het bygedra tot wetenskaplike rypwording van Calvyn se teologie.

Calvyn het by die gerigtheid op die kruis van die teologie van die Hervorming, 'n gerigtheid op die skepping gevoeg, met Christus as die verlosser, nie net van die mens nie, maar ook van die geskape en vervalle wêreld. Gevolglik het die Nederlandse Calviniste veel meer as enige ander groep Christen-denkers sterk nadruk geplaas op die skeppingsverhaal in Genesis, op die doen en late van die mens, wat na die beeld van God geskep is, en wat daarom gehoor moet gee aan die kultuurmandaat, die mandaat om die

aarde te kultiveer, daarvoor te heers en dit te versorg.

Kultuurbeoefening is religie

Hierdie skeppingsopdrag lê nie op die kantlyn vanuit Bybelse perspektief nie. Die uitvoering van die kultuurmandaat is 'n uitdrukking van die mens se wesenlike bestaan, geskep na God se beeld. Aangesien die mens in wese 'n religieuse skepsel is, is dit 'n uitdrukking van sy verhouding tot God.

Menslike prestasie (onderneming) is nie doelloos nie, maar streef daarna om bepaalde doelwitte te bereik, wat of goed of sleg (sondig) kan wees. Omdat die mens 'n religieuse wese is, is sy kultuur ook religieus. Dit word deur H.G. Stoker soos volg verduidelik:

Onder godsdiens verstaan ons handeling waarmee die mens hom direk tot God wend, byvoorbeeld waar hy in die binnekamer tot God bid, aan tafel huisgodsdiens hou en saam met die gemeente God aanbid en Hom dank en loof met woord en lied, die sakramente gebruik en na die verkondiging van die Woord van God luister. Dit is geen kultuur nie.

In sy godsdiens rig die mens hom vertikaal, na Bo, na die Oorsprong van alle dinge, na God, die Algenoegsame, Almagtige, Skepper, Onderhouer, Bestierder en Voleinder van alle dinge, die Wetgewer vir alles wat Hy geskep het. Met sy kultuurvorming daarenteen rig die mens hom horisontaal na die skepping, sy medeskepsels (stof, plant, dier en mens), die skepping wat onselfgenoegsaam, afhanklik, eindig, tyds en beperk is, en wat in alles onder die wetsorde van God staan (Stoker, 1967:126). Kultuur sluit daarom nie godsdiens in nie. (Van Til, 2001:27)

Alle kultuurarbeid is in sy diepste wese religieus bepaal, omdat God die Oorsprong van alle dinge is, ook van die aanleg van die mens om kultuur te vorm en ook van die moontlikheid in die natuur om tot kultuur omgevorm te word. Om verwarring te voorkom, noem ons hierdie diens van God in omvattende sin nie godsdiens nie, maar religie (Stoker, 1967:126).

Die opdrag "vul die aarde" is nie slegs om te vermenigvuldig nie, maar is 'n kulturele aktiwiteit, want God het Adam en Eva in 'n tuin met dier- en plantlewe geplaas, wat hulle moes bewerk en versorg. Hulle moes dus 'n nuwe omgewing skep uit die gegewe, wat 'n kulturele aktiwiteit is (Van Til, 2001:29, xiii).

Van Til gebruik die term kultuur om die aktiwiteit van die mens as ewebeeld van God aan te dui. As ewebeeld moet hy voldoen aan die skeppingmandaat om die aarde te bewerk, daarvoor te heers en dit te versorg. Hierdie mens as ewebeeld van God is 'n verbondskepsel wat tot kultuurvorming geroep is. Daarom is kultuurvorming religieus bepaald. Calvinisme (voortgesette Calvinistiese denke) voorsien ons met die enigste teologie vir kultuurvorming wat werklik verband hou met die wêreld waarin ons leef, omdat dit die ware teologie van die Woord is (Van Til, 2001:xvii, 27, 29).

Kultuur het betrekking-waardes

Volgens kulturele antropoloë het elke primitiewe volk sy eie besondere kultuur (Van Til, 2001:26, 27). 'n Kultuur kom tot uiting in die oplossing wat die mens vind vir sy voedings-, voortplantings- en higiëniese probleme en om hieruit 'n lewensomgewing vir sy samelewing te skep wat hy dan aan opvolgende geslagte oordra. Die formulering van waardes volg uit die oplossing wat die mens vind vir sy lewensprobleme. Dit getuig van 'n dieper dimensie ingebed in die wese van die mens, wat voortvloei uit sy aktiwiteite as 'n kulturele skepsel. Die sondige mens se self-gerigtheid oorheers egter sy vind van lewenswaardes.

Kultuur het daarom betrekking op die wêreld met waardes. In die afvallige toestand is die aanspraak van die lewe en die pragmatiese neiging om alles vir eie plesier en genietinge te doen, so groot dat die kultuur geheel en al op hierdie wêreld gerig word. Ons mag daarom sê dat die afvallige kultuur in al sy skakeringe gerig is op

Vervolg op bl. 4

Vervolg van bl. 3

die tydelike en materiële verwerking van waardes. Die mens werklik 'n eie wêreld, wat net vir hom goed is. Die mens streef daarna om heerser van hierdie wêreld te wees, 'n heerser om oor alles wat hy ondersoek (sy hande aanraak), koning van die wêreld te wees.

Die mens se aanleg tot kultuurvorming en roeping kan nooit losgemaak word van sy verbondsverhouding met God, wat ons godsdiens noem nie. Die mens moet God liefhê met sy hele hart, sy siel, verstand en met al sy kragte. As kulturele wese is die mens ook God se profeet en priester, Die mens se kultuurwerk is nie vir homself nie, maar vir God, tot God se eer. "Want uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge, ..." Deur Christus word alle dinge in die Vader verenig. (Van Til, 2001:34, 35)

Kultuur en ekonomie

Kultuur het ook 'n ekonomiese struktuur (handeling, organisasie). Die mens is 'n kulturele wese. Kultuur is nie iets neutraals, sonder etiese of religieuse betekenis nie. Menslike prestasie is nie doelloos nie, maar die mens probeer iets te bereik, wat óf goed óf verkeerd is (Van Til, 2001:28).

Kultuur is gemeenskapsbepaald, want dit geskied nie in isolasie nie. Die gesin is die eenvoudigste en kleinste eenheid van 'n samelewing en is die hoeksteen (werklike fontein) van kultuur. Die huis is die fondasie van die hele sosiale struktuur. Kultuur omvat daarom die volle mens, nie net die mens as individu nie, maar ook hom as lid van 'n menslike organisasie. Sy verskillende verhoudings tot ander mense word vergestalt in die verskillende instellings wat daargestel word, te wete in die huisgesin, in die instelling van verenigings, in die verhouding tussen werknemer en werkgewer, in kapitaal en arbeid, handel en nywerheid, onderwys en wetenskap, politiek en staat (regering). (Van Til, 2001:32 e.v.)

Die mens is 'n kulturele wese

Oorspronklik het die woord "kultuur" nie die wye betekenis gehad wat dit vandag het nie. Die woord word van Latyn "colere" afgelei, wat beteken die bewerking van grond. God het

Adam in die Tuin van Eeden geplaas om dit bewerk. Dit beteken die werk om die aarde voor te berei vir saad (Gen 2:15), wat sy vrugte met die seën van God kan gee. Ons kan dit Landbou noem.

'n Dier is nie 'n kultuurskepper nie. Diere leef by geen ander wette as dié van instink nie. Deur instinkte word dieselfde produk keer op keer weer gelewer. 'n Stad is 'n kultuurprodukt, maar nie 'n byekorf of 'n miershoop nie.

Dit is nie skriftuurlik om 'n mens te klassifiseer om tot die diereryk te behoort nie. Volgens die Skrif is die mens 'n geestelike wese wat in 'n verbondsverhouding tot God leef. Hy is na die beeld van God geskep. Daarom moet hy moreel verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar en het hy die verpligting om die goeie na te streef. Hy is ook 'n denkende wese om die betekenis van lewe te verstaan en om die waarheid sy eie te maak. Hy is 'n kulturele wese wat in staat is en ook geroep is tot herskepping en vernieuwing, tot kunssinnige en doelmatige vormgewing van die skepping na sy wil, om harmonie en skoonheid na te streef deur sy beheersing van die aarde. Hierdie voortreflike skepsel vertoon die beeld en seëninge van 'n Drie-Enige God, wat hom/haar gemaak het. As God se verteenwoordiger is hy/sy profeet, priester en koning op aarde (Van Til, 2001:30,31).

Kultuur en die estetiese

Volgens Calvyn moet kuns in twee klasse verdeel word: die kunste in die skepping en die vrye kunste soos musiek, skilder- en beeldende kunste, taal en oratoriek. Calvyn het altyd die heiligheid van kunste onderstreep. Die mooiheid van aanbidding is in lewenskrag en waarheid geleë, waardeur die goddelike heiligheid weerspieël word. Aansluitend hierby word die mens in die natuurwetenskappe oorweldig deur die orde, meesterlike strukture en uitnemende skoonheid in die skepping van God, waarvan die geheimenisse daarin vervat, die menslike verstand vër te bowe gaan.

Die grootste gawe aan die mens is 'n rasonale en 'n logiese denkvermoë, waardeur die mens die vermoë, alhoewel gebrekkig en deur die sonde benewel, besit om die rasionaliteit van die skepping te kan verstaan, sodat die mens sy roeping

kan nakom om die skepping te beheers. Daarmee saam het die mens die estetiese vermoë ontvang om God se skeppingswerk in sy oorweldigende skoonheid te geniet en God daarvoor te loof.

Die estetiese (die skone, die mooie) is 'n norm, waarvolgens nie slegs menslike kultuurskeppings beoordeel moet word nie, maar dit is ook 'n norm, waardeur die wetenskap as skeppinge van die mens uit sy ervaring en kennis beoordeel moet word. Vir Calvyn was dit ononderhandelbaar dat alle kuns van die mens onderworpe moet wees aan die Woord en Gees van God, om God daardeur te eer en te verheerlik. Vir Calvyn was skoonheid iets heilig (Van Til, 2001:109).

Die skepping van God is in terme van die simboliese logika van die wiskunde 'n majestueuse kunstwerk. Wiskunde is 'n wetenskap van die logika met die getal as skeppingsgegewe. Die verbasend mooi wiskundige strukture wat die mens op grond van die logika ontwikkel, gebruik die wetenskappe in hulle beskrywing van eksperimentele waarnemings en lewenswerklikhede in terme van modelle (of metafore). In die eksakte wetenskappe is wiskunde die (abstrakte) taal vir die beskrywing van eksperimentele waarnemings, gebruikmakende van modelle (bv. die atoommodel vir materie of die golfmodel vir lig). Die rasionaliteit van die menslike denke moet daarom deel wees van (harmonies ingestem wees op) die rasionaliteit waarmee God die wêreld geskep het. Die rasionaliteit van God se skepping voorsien 'n asemrowende eenvoud en skoonheid in die skepping, vir sover die mens dit kan deurgrond en verstaan, en waarvan die mens gebruik kan maak in die nakoming van sy kultuurmandaat.

Skoonheid openbaar hom in 'n groot verskeidenheid fasette in die daaglikse lewe van die mens. Skoonheidsgewaarwording sluit dan altyd skoonheidsgenietinge in, bv. natuurtonele, skilderye en musiek. Mense is tog nie bloot onaandoenlike toeskouers en aanhoorders in die wêreld nie. Alles wat ons deur ons sintuie waarneem, waardeur en beoordeel ons ook: Op die laer vlak deur die maatstaf (norme) van nuttigheid, bruikbaarheid, aange-

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

naamheid, en op die hoër vlak volgens die norme van waar en onwaar, goed en kwaad, en mooi en lelik. So 'n beoordeling in die hoër sfeer vind weerklank in ons hart: daardeur word 'n gevoel van vreugde en instemming verwek of 'n gevoel van teleurstelling en afkeur. Die Skepper van alle dinge het 'n kostelike gawe in die waardering van skoonheid en die goeie aan sy mense geskenk.

Calvyn het in sy werke 'n blyk van 'n besondere estetiese aanvoeling gegee. Vir Calvyn was skoonheid in die natuur en in die werke van die mens die uitstraling van die majesteit en heerlijkheid van God. Calvyn se idees omtrent musiek en beeldende kunste, taal en vorm was altyd bepaal deur 'n bewende bewustheid van die feit dat ons te doen het met 'n God buite die aarde, wat met heilige heerlijkheid steeds wonderere verrig en wat deur ons met kinderlike ootmoed in aanbidding geprys en

verheerlik moet word (Van Til, 2001:107) deur al ons lewensaktiwiteite.

Bronne

Stoker, H.G. 1967. *Oorsprong en Rigting*. Band 1. Kaapstad:Tafelberg Uitgewers.

Van Til, H.R. 2001. *The Calvinistic Concept of Culture*. 1ste uitgawe 1959, 2de uitgawe 1972. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.



Wetenskapsverafgoding bevestig opnuut die antitese

- H.J. Hayes

Claassen op die 'oorlogspad'

George Claassen se: "Dié analise van evolusie-denke verdien aandag" het in die invoegsel, Perspektief, tot *Rapport* van 27 Januarie verskyn, waarin die onlangse boek van Izak Botha, *Homo Angelicancis – spiritual anthropology and the evolution of the soul*, geresenseer word. Die resensie bevat 'n meedoënlose aanval op die Christelike godsdiens wat, as dit nie nêr vir die onverdraagsame ondertoon daarvan was nie, geïgnoreer sou kon word, maar die ooglopende bevordering van die spekulatiewe evolusionisme tot 'n onaantasbare waarheid, verg dat hierdie misleiding ontmasker moet word. Die insinuasie dat dit aan die evolusionisme te danke is dat die Christendom geloofwaardigheid verloor het, is darem te dik vir 'n daalder om dit net te laat verbygaan.

Ondergrawing van geloofswaardhede

Ondergrawing van die grondwaarhede van die Christelike geloof – in sy beredenering waarvan Claassen die boek van Botha aanwend tot versterking van onwaarhede – kan nie deur die Christendom geduld word nie. Botha skroom self nie om die geloofswaardhede te ontken nie, deur op eenselwige wyse te wil voorgee dat die menslike bestaan en voortgang slegs wetenskaplik verklaar kan word, onafhanklik van die

goddelike openbaring ("The doctrine is a myth or part of mythology..."). Al argumenteer Claassen dat Botha se boek geensins aan wetenskaplikheid beantwoord nie, is hy nogtans van oordeel dat hy (Botha) 'n betekenisvolle bydrae maak om die idee van: deur middel van evolusie na onsterflikheid te beweeg, te postuleer, wanneer hy skryf dat die boek "'n noodsaaklike ontleding van evolusionêre denke" bied. Enkele paragrawe later gee Claassen egter te kenne dat net dit wat deur die wetenskap bewys word, as waarheid aanvaar kan word. Indien Botha se bydrae dan so betekenisvol is, hoe kom Claassen by die onwetenskaplikheid daarvan verby? 'n Mens huiwer by die gedagte dat ons hier met 'n tipiese eksemplaar te doen het van hoe daar in die 'wetenskap' van die evolusionisme met die waarheid omgegaan word.

Lasterlike verwysing en aantyging

Benewens dat die waarheid in die resensie geweld aangedoen word, is die grootste enkele beswaar daarteen dat 'n lasterlike aanhaling van die geroemde Britse wetenskaplike, Huxley, gebruik word om die persoon van die God van die Christendom te beledig. Claassen gaan voort deur te stel dat geloof in 'n skeppende godheid gevolglik sy houvas op die mens se psige begin verloor. Indien die Christendom deur hul eie gebrek

aan getuienis aan Claassen 'n vatplek bied om hul geloofwaardigheid te bevraagteken, is dit een saak, maar wanneer die soewereiniteit van God-drieëinig onder verdenking gebring word, word dit 'n saak wat ten sterkste teengestaan, en die bedenklikheid van die metode wat gevolg word aan die kaak gestel moet word. Die kern van die redenasie hier wentel daarom dat (i) vir die Christelike besef daar op lasterlike wyse na Hom verwys word, en (ii) dat Hy by Claassen se argument oor die verlies aan geloofwaardigheid van die Christelike godsdiens ingetrek word. Hierteen word ernstig beswaar gemaak, ter wille van die almag, heiligheid en verhevenheid van God-drieëinig, wat kenelik deur hom verontagsaam word.

Kritiese denkfoute begaan

Claassen begaan die kritiese denkfout om die wetenskap tot enigste grondlegger van die waarheid te wil verhef, deur in wese te konstateer dat die wetenskap, soos deur die evolusie-denke voortgebring, die groot deurbraak gemaak het om die (Christelike) godsdiens van sy waarheidstand te ontnem. Die wetenskap, soos hy probeer aantoon, doen dit deur bewysvoering, en die waarheid kan op geen ander gronde vasgestel word nie. Die werklike

Vervolg op bl. 6

Vervolg van bl. 5

probleem vanuit enige paradigma beskou is die paradokse wat hierin na vore kom. Die wetenskap kon, byvoorbeeld, tot nogtoe nie daarin slaag om sekere wesenskewessies betreffende die bestaan van die mens te bewys nie. Vir die doel van die beredenering word hier slegs na die siel en onsterflikheid verwys. Die outeur, Botha, wil as't ware suggereer dat vir die siel om te bestaan, dit wetenskaplik geverifieer sal moet word. Alhoewel Botha in sy betoog teen godsdienstige aansprake geen wetenskaplike gronde aanvoer om die onwaarheid daarvan te bewys nie (strydig met die bewysvoeringsformule), gebruik Claassen dit as een van sy hoofargumente om die Christelike godsdiens te diskrediteer, wanneer hy o.a. sê "... Botha dra verder by tot die loswikkeling uit die greep wat godsdienste steeds op die mensdom het".

Gemeet aan Claassen se kritiese beoordeling van die waarheidsaansprake van die Christelike godsdiens soos op die Bybelse openbaring

begron, is dit duidelik dat hy daarop uit is om dit met behulp van die wetenskap te weerlê. Claassen se denkskema kan dus soos volg opgesom word: die onbetwiste waarheid van die (evolusie-) wetenskap teenoor die agterhaalde leuen van die godsdiens. Claassen aanvaar niks as waarheid buite die wetenskap om nie. Hy skryf byvoorbeeld: "As jy iets as die waarheid aanbied, moet iemand anders dit ..., kan toets"; en "godsdienstige aansprake op absolute kennis en as die enigste geldige interpreteerders van die waarheid word stelselmatig deur die wetenskap se ontdekkings weggekalwe". Wat Claassen klaarblyklik nie beseft nie is dat op die grootste lewensvraagstukke van die samelewing, die wetenskap in gebreke bly om die antwoorde te kan verskaf, bloot omdat dit nie op die vlak van die wetenskap beantwoord kan word nie. Die implikasies van Claassen se argumente, in die lig hiervan, is derhalwe dat nie een van hierdie vraagstukke by sy waarheidskriterium van die wetenskap betrek kan word nie; dit kan nie getoets nog bewys word nie, en tog weet selfs elkeen wat


maar aan wetenskapsbeoefening deel het dat dit wesenskewessies is. Claassen gee geen verduideliking van wat met hierdie vraagstukke gedoen moet word nie, al beseft hy so goed as enigiemand anders, dat dit vraagstukke is wat bo-wetenskaplik van aard is. As die wetenskap dit egter nie kan beantwoord nie, waar moet die antwoorde dan vandaan kom? Met Claassen se argumentslyn in gedagte sal hierdie wetenskaplik-onverklaarbare lewensvraagstukke as 'n onwaarheidskategorie in die evolusiewetenskap geklassifiseer moet word, al roep dit om beantwoording.

Onsterflikheid begeer

Die wetenskap kon, byvoorbeeld, tot dusver nie onsterflikheid verklaar nie. En dit is juis hiermee dat Botha in sy boek worstel. Die gedagte dat "almal eendag uit die dood sal opstaan vanweë die onsterflike siel, ..." is darem te vergesog. Dis irrasioneel om so te dink en dit getuig van onkritiese denke. Breek eers hierdie godsdienstige aansprake af; dit het geen

Vervolg op bl. 7

Kultuur-historiese en kerklik-godsdienstige in verhouding tot die ware Oorsprong



Vervolg van bl. 6

geloofwaardigheid nie. Tog begeer ook Botha die realisering van die onsterflikheid van die siel, hoewel dit wetenskaplik nie bewysbaar is nie. Claassen wil oënskynlik ook hierdie sprankie van hoop aangryp wanneer hy daarna verwys dat Botha sy teorie oor “moontlike onsterflikheid” in die laaste hoofstukke van sy boek uitbou. Daartoe sal *homo sapiens* evolusionêr tot *homo angelicansis* moet ontwikkel. Die vraag is nou of dit in die volgende miljoen jaar gaan gebeur. Wat word intussen van diegene wat nie hierdie toestand van onsterflikheid bereik nie? Die evoluering na laasgenoemde toestand is boonop in die grootste onsekerheid gehul. Watter hoop hou die evolusionistiese teoretiseringe in terme van 'n boodskap van bevryding en sekerheid, met die oog op die onsterflikheid van die siel, dan vir die mensdom in? Die afgod, evolusionisme, kan dit nie aan ons bied nie, omdat hy self nie oor die mag daartoe beskik nie, en sy ontstaan uit die afgrond van die leuen te danke het.

Monster van uitsigloosheid

Die noodwendige gevolgtrekking waartoe 'n mens moet kom is dat die wetenskapsverafgoding soos dit in die evolusionistiese denkskema van Claassen en Botha na vore kom, as 'n monster van uitsigloosheid getipeer moet word. Alhoewel dié 'wetenskap' tot dusver weinig van sy teoretiseringe deur objektiewe en gesubstansieerde bewysgronde kon verifieer, gryp dit om onverklaarbare redes die verbeelding van baie mense aan, wat deur opspraakwekkende gefantaseerde ontdekkingsaankondigings meegevoer word. Op hierdie wyse word die sensasiedrang lewendig gehou en volgehoue belangstelling deurlopend gekweek, met verwagtinge dat die een of ander deurbraak binnekort verwag word. Wanneer hierdie 'wetenskap' se inherente onvermoë om tot bewyslegging te geraak (dit wat in Claassen se voorspraak vir die evolusionisme die oomblik van waarheid moet wees) tot 'n krisispunt gedryf word, word die verifikasie daarvan vir etlike miljoene jare uitgestel.

Bewysbaarheid word verabsoluteer as voorwaarde, voordat enigiets as die waarheid aanvaar kan word. Tog slaag nog die resensent nog die

outeur daarin om enigiets i.v.m. die siel, lewe na die dood, *homo angelicansis* ... ens. te bewys. Tussen hakies, as daar op die oomblik by *homo sapiens* evolusie plaasvind na voornoemde sou die empiriese weergawe van so 'n proses mos 'n teksboek-voorbeeld vir die evolusie-teorie kon wees! Nee, vir die gelowige is die boek, tesame met die inwyding in die evolusionisme, 'n uitsiglose soektog wat niks oplewer nie.

Die kernvraag bly: wat doen die evolusionisme om substantiewe kennis wat die grootsheid van God se skepping aan ons blootlê te ontsluit, om tot 'n meer volledige kennis en begrip van die werklikheid by te dra, ten einde ons in staat te stel om ons kultuurtaak steeds beter tot sy verheerliking te verrig? Met die gevolglike luidklinkende verwerping van evolusionisme as wetenskap vir die Christenmens word die onontbeerlikheid van Christelike wetenskapsbeoefening opnuut op die voorgrond gebring.

Gevolgtrekkings:

Eindresultaat is die antiteses


Wat bied Claassen se resensie nou aan die Christengelowige? Indien daar iets van betekenis daaruit geneem kan word, dan kan gestel word dat dit 'n uitstekende illustrasie bied van die antiteses tussen die ongeloofswetenskap van die evolusionisme en die Christelike geloof. Claassen is nie die eerste om dit aan te toon nie. Die aankondiging van die antitetiese skeidslyn in die werklikheid van ons bestaan vind ons reeds in die Skrif. In die finale instansie is Claassen se denkkonstruksie van die uiteenlopende posisies van die evolusionistiese 'wetenskap' en die Christelike geloof, wanneer hy die twee omgekeerd (d.w.s. uitgaande van 'n ander 'waarheid' as die Godsopenbaring) teenoor mekaar stel, net nog 'n bevestiging daarvan dat dié twee onversoenbaar is.

Christelike wetenskap die oplossing

'n Mens kan Claassen dit nie ten laste lê dat hy hom vir die waarheid wil beywer nie. Dit is sekerlik die hoogste ideaal op die weg van enigene wat met wetenskap gemoeid is, om aan die waarheid getrou te bly. Die kritiese vraag wat 'n wetenskaplike hom/

haarself egter deurentyd moet afvra is: wat is die waarheid en waar word 'n bron gevind wat bo enige twyfel as die Allerbron van die waarheid geneem kan word, waaraan enige wetenskaplike denkwerk voortdurend objektief getoets kan word? Claassen werk primêr vanuit die 'wetenskap' van die evolusionisme, maar betrek dan sommer 'n hele rits wetenskaplike ontdekkings wat vanuit totaal ander paradigmas as sy eie gewerk het, om krag aan sy argumente te gee. Hy versuim boonop om die lesers daarvoor voor te lig dat ontdekkings van teoremas van die vroegste tye af telkens deur nuwere navorsing gekorrigeer moes word, omdat geen wetenskaplike kennis as finaal beskou kan word nie.

Daar is altyd 'n voorlopigheid, sodat 'n wetenskaplike nooit met stelligheid kan verklaar dat hierdie of daardie nou die allerantwoord op 'n bepaalde veld van ondersoek bied nie. Dit is die geval, omdat alle wetenskaplike denkwerk deur feilbare mense gedoen word, desondanks word wetenskaplikheid wat die waarheidskriterium voor oë hou deur ons aanvaar en erken en daarop voortgebou. Die vraag na waarheid is voor-wetenskaplik van aard. Die wetenskaplike neem sy of haar vertrekpunt van buite die wetenskap en gaan met daardie voor-onderstellings, wat religieus bepaal word, met die besondere kennis te werk, om tot bevindinge te geraak. Indien die wetenskap self as verifieerder van die waarheid moet optree, word laasgenoemde van die mens afhanklik gestel, en sal dit deurgaans subjektief wees, na gelang van die persoonlike oortuiging van die wetenskaplike. Dan is dit 'n geval van soveel hoofde soveel waarhede.

Christelike wetenskap hou volledig met die geopenbaarde Waarheid van God in Jesus Christus rekening, en onderwerp hom aan die gesag daarvan, omdat dit as die enigste absolute en objektiewe waarheid erken en eerbiedig word. Binne die vryheid wat hierdie Waarheid aan die Christen-wetenskaplike bied, oriënteer hy of sy haar telkens aan die Woord van God in hulle benadering tot hulle wetenskaplike kultuurwerk, om dit na die beste van hulle oortuiging daarvolgens te verrig, tot Sy verheerliking. 

wie hulle daar in aanraking gekom het. Dit is later deur die koms van die Franse Hugenote versterk, sodat aan die Suidpunt van Afrika kulturele ontwikkeling wat van beskawingsrypheid getuig het, tot stand gekom het, wat in skrilte kontras met die kulture van die inheemse volkere gestaan het.

Die godsdienstige en kulturele erfenis wat deur nedersetters uit onderskeie lande van Europese bodem na Suid-Afrika met hulle saamgebring was, en hier voortgesette toepassing gevind en verdieping in die ont-plooiing van ons eie Afrikaner-volkslewe ondergaan het, mag nooit

onderskat word nie. Dwarsdeur die loop van ons volksgeskiedenis het dit sy bepaalde invloed uitgeoefen, om beskawingsmatige ontwikkeling tot stand te bring. Hiervan getuig onder andere die talle ondernemings en instellings in die ekonomie, geneeskunde, die onderwys en noem maar op, wat met behulp van die inisiatief, kundigheid, vindingrykheid en kapitaal van die Afrikaner opgerig is. Wat het sedertdien van hierdie kultuurerfenis geword wat aan ons toevertrou is? Instellings wat met groot opoffering deur die Afrikaner self ontwikkel is, word maar sienderoë in die hande van vreemdes oorgelaat, wat aan hierdie kultuur geen erg het nie. Die kritiese vraag wat ons in

nadenke oor volksplantingsdag moet beantwoord is (i) of ons dit in die 21ste eeu nog erns het met die kultuuropdrag wat deur God self aan ons gegee is, soos aan elke ander volk op aarde, en (ii) wat gaan ons daaraan doen om die kulturele agteruitgang wat ingetree het, om te keer in positiewe kultuurwerk, waar ons die ontginning van ons eie kosbare kultuurofgoed weer vir ons eie rekening neem? Dit sal ons slegs kan doen, indien ons ons weer tot die Here wend, om onder sy genadige beskikking ons roeping in getrouheid te kan voortsit. Indien ons dit nie wil doen nie, watter rede(s) sou ons andersins kon aanvoer om as volk te kan voortbestaan?



Kultuurwerk, my godgegewe roeping

- H.J. Hayes

Kultuur is geroepenheid

In die publikasie, *Oorsprong en Rigting*, band 1, deur prof H.G. Stoker (1967: 124-130), vind die leser 'n uiters kosbare waardering van ons roeping tot kultuur, wat veral in ons tydsomstandighede verhelderend daarop inwerk, omdat dit by hernuwing belangrike insigte oopmaak. Die outeur begin deur op die betekenis van roeping te wys. Daarin word tussen roeping wat algemeen-geldend 'n appèl op elke mens maak, en besondere roeping soos dit ondermeer na Oud-Israel uitgegaan het, onderskei. Bo die diversiteit van roepings word die belangrike toevoeging gemaak dat die mees fundamentele roeping in die Woord opgeteken is, naamlik dat ons met ons hele hart, siel en verstand en al ons kragte God moet dien en aanbid, dank en lof aan Hom toebring, Hom eer en verheerlik (Deut. 6:5; Matt. 22:37). Hierdie gesteldheid word deur hom as dié primêre universele roeping aangedui, wat van omvattende betekenis is, en in direkte verband met kultuurvorming gebring word.

'n Eg menslike betrokkenheid

Die opdrag word tot roeping vir die mens gestempel, en is so geska-keerd en wyd as wat daar gawes aan die mens verleen is, en in al die toepassings waarvan God, wat die Gewer daarvan is, gedien en geëer

moet word. Kultuur is so 'n vanselfsprekende uitvloeisel van die handeling van 'n mens dat dit daarop neerkom dat wáaraan hy of sy in die gewone gang van die lewe hulle hand ookal waag, dit kultuur tot gevolg het, selfs al sou dit nie altyd so bewustelik in die gedagte-wêreld opkom nie. Elders in dieselfde publikasie word oor die grondverhoudings waarin mense tree meer gesê, en die outeur pas dit hier op kultuur toe wanneer hy verklaar dat, as voorbeeld beregting, huweliksluiting, maatskappyvorming, ens. inherente vergestaltung van kultuur is. Kultuur sluit voorts die bewuste aktiwiteit, sowel as die beoogde resultaat in, waaruit blyk dat kultuur doelgerig beoefen word. Daar is dus 'n innerlike motief, en 'n uiterlike optrede daaraan gekoppel. Globaal gesien, kan verklaar word dat elke uitdrukking hiervan óf dit die verwerwing van kennis deur wetenskapsbeoefening is, óf die aanwending van die taal, óf die voortbring van kuns; watter aspek van die geskape werklikheid ookal ter sake is, inherent dui dit op kultuurvorming.

Onderskeie maar sonder geskeidenheid

Heel tereg word tussen die kultuur-historiese en die kerklik-godsdienstige lewensfere onderskei, wanneer die outeur daarop wys dat laasgenoemde uitsluitend tot eersgenoemde staan, om 'n baie begryplike rede

waaroor in die volgende paragraaf verder uitgewy word. In kultuurbeoefening wend die mens hom/haar tot die skepping as sodanig, wat wesenlik anders is as 'n godsdienstige handeling, omdat die natuur of natuurdinge, volgens die Christelike oortuiging, nie 'n voorwerp van aanbidding, soos ondermeer in die naturalisme, mag wees nie. Die implikasie van sy/haar betrokkenheid dáár is om vanuit die natuurgegewe, kultuur tot stand te bring wat beskawing tot gevolg het, waar die balans tussen gebrekkige (onder-) en oormatige beskawing van die allergrootste belang is. In laasgenoemde geval kan gedink word aan die oorbeklemtoning van die tegniek, wat as tegnisme bekendstaan.

In sy godsdienstige handeling, soos die outeur dit verder aantoon, rig die mens hom/haar na bo, na die Oorsprong van alle dinge, kragtens die eerste primêre grondverhouding. Dit is 'n vertikale gerigtheid op God, die Almagtige Skepper, Onderhouer en Voleinder van alle dinge. In sy kulturele handeling rig die mens hom egter horisontaal tot die skepping, die tweede grondverhouding, wat sy medeskepsel, stof, plant, dier en mens betrek. Die gerigtheid op die skepping kan uiteraard nie dieselfde wees as die gerigtheid op God nie, omdat die skepping, soos reeds

Vervolg op bl. 9

Vervolg van bl. 8

aangetoon, nie aanbid mag word nie. Daar is dus 'n grondliggende verskil tussen die twee gerighede, waarmee deurgaans rekening gehou moet word. Wat die kulturele betref, handel dit nie oor aanbidding nie, maar oor beheersing en produktiwiteit, waar die mens as God se medewerker op aarde 'n kultuurtaak tot sy eer te verrig het. Die duidelike Bybelse imperatief is: "... Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien" – Luk. 4:8.

Kultus

'n Kultus kan inderwaarheid as verwerde kultuur beskou word, waar die grens tussen godsdiens en kultuur tot so 'n mate uitgewis word, dat dit daar oor die (godsdiens) verering van iets of iemand anders as die ware God gaan, en waarin die twee lewensfere op so 'n wyse met mekaar vermeng word, dat dit oortuigings en rituele van 'n perverse aard meebring, teen God se bedoeling in.

Aard en inslag van kultuurvorming

Wat die outeur vervolgens oor die aard en inslag van kultuurvorming stel, is van deurslaggewende belang vir ons verstaan van die Christelike betekenis van kultuur, en die relevansie daarvan vir die heersende tydsgewrig met sy kulturele verval. Kultuurvorming is 'n omvattende begrip, waarin dit oor meer as die blote fisiese aanraking van die natuurdinge gaan. Die goddelike opdrag om te beheers bring verruiming en verryking wanneer kultuurarmoede en -verwording dreig om ons samelewing te kelder. Menslike kultuur wat van die Bybelse fundering en inhoud losgemaak word, het ontarring tot gevolg, soos wat ons dit op talle gebiede waarneem. Oor die posisie van die huisgesin en onderwys, waar die opvoeding tot die oordrag van God-vererende kultuur sy regmatige plek behoort te verkry, sou hier veel meer gesê kon word, maar dit ontbreek aan ruimte.

Die outeur stel dit dan dat onder hierdie heerserskap wat aan die mens toegeken word, alles ingesluit is wat God aan die mens toevertrou (het), om sorg daarvoor te neem. Dit sluit van die kleinste en dalk vir ons onbenulligste takie wat daar op aarde mag wees tot die grootste en mees verbysterende ontdekkings en uit-

vindings van die wetenskap wat tot voordeel van die mensdom ingespan kan word in. Die mens heers wanneer hy of sy met sy/haar elkedagse noodsaaklike werk besig is; beheers klank en melodie wanneer musiek voortgebring word; beheers marmers wanneer 'n stuk beeldhouwerk geskep word; beheers die kenbaarheid van die werklikheid wanneer hy wetenskap beoefen. Die mens is daartoe in staat, omdat hy of sy na die beeld van God geskape, en daarvoor toegerus is. Anders gestel: in die normatiewe heerserskap van die mens vind die beeld van God o.m. uitdrukking. Onderliggend daaraan is die mens se besluit hoedat hy hierdie of daardie besondere kultuurtaak gaan verrig. Die feit dat God die Opdraggewer is impliseer dat Hy van die mens rekenskap kan eis oor die uitvoering van sy kultuurtaak, omdat Hy 'n belang by die voortgang van sy skepping het. Dit bring ons by die kwessie van wat die mens geoorloof is om te doen, al dan nie. In die reël bepaal gesaghebbers wat gedoen mag word en hoe, tog oefen elke mens gedurig keuses uit oor die wat en die hoe.

Wat gedoen mag word, word deur die outeur as 'n (genade-) voorreg bestempel. Wanneer lewensomstandighede sodanig verander dat ons nie langer in 'n posisie is om te doen wat ons altyd gedoen het nie, eers dan kom ons gewoonlik tot die besef van wat die voorreg om aan kultuur deel te mag hê beteken. Eers wanneer kultuurwerk as 'n roeping van bo aanvaar word, begin ons iets van hierdie voorreg begryp. Dit bly vir ons 'n misterie, maar dan moet ons weet dat daar 'n uiters belangrike derde dimensie aan kultuurvorming is, wat ons nog skerper vir ons roeping moet instel. Om iets te kan doen stel die moontlikheid, om dit te mag doen stel 'n vergunning, 'n voorreg wat geniet kan word. Hoedat dit gedoen behoort te word stel die eis tot plig, omdat dit deur God self bepaal, en deur ons gehoorsaam moet word. Daardeur word nie slegs rekenskap ge-eis nie; dit bring ook mee dat verantwoording gedoen moet word. Die mens moet tussen goed en kwaad, reg en verkeerd; tussen wat geoorloof is en wat nie onderskei; kortom gestel hy moet met verantwoordelijkheid optree. Die wil en die wet van God stel ons onder die verpligting om positief daaraan te beantwoord. Die volgende aanhaling uit Totius (1935: 36-37) se werk is so veelseggend dat dit hier weergegee word:

Die woord 'roeping' het vir ons 'n heilige klank en heiligende krag. Omdat dit onderstel stipte gehoorsaamheid aan die stem van die Here. Dieselfde God wat van ewigheid tot ewigheid oor ons lewe beskik, bepaal ook ons bestaan op aarde. Sodra daarom die sielelewe van die gelowige ontwikkel, sodat hy kan dink en wil, roep God hom tot sy besondere lewenstaak en gee hom daartoe sy aanstelling. Vat dit streng op. Hierdie waarheid laat ons met bewende erns verskyn voor God, ons Skepper en ons Regter tewens. Eenmaal geroep – en ons behoort vir altyd, hetsy dat ons lewe of dat ons sterwe, aan die Here. Alle eiewiligheid is dan op 'n end ... Die woord 'roeping' het dus 'n skerpe klank. Maar daarom vrees ons nie daarvoor nie. Intendeel, dit is vir ons die skerpe klank van krygsmusiek. Net soos krygsmusiek dien om die stryter in strydlystige stemming te bring, of om hom, vermoeid en moedeloos, tot vernude aanval op te wakker, so dien die krygsmusiek van die roeping van God om ons uit ons ywerloosheid op te skrik en ons te besiel met 'n blye gees, sodat ons met vrolike moed verder kan gaan.

Prof. H.J. Strauss (1964: 41) skryf:

Wetenskaplike kennis van die mens, is kennis van sy persoonlikheid omdat die mens homself op tydelike vlak as persoonlikheid "openbaar". Slegs in hierdie sin kan ons die mens wetenskaplik probeer ophelder, en al wat ons hier probeer doen, is dus om die mens in sy aardse-tydelike persoonlikheidsgestalte te skets – sonder om daarmee iets af te doen aan sy volkome afhanklikheid van God en sy ewigheidsbestemming. 'n Tekening van die mens in sy verhouding tot die res van die aardse skepsele, maar let daarop dat mens en aardse skepsele saam heenwys na die Oorsprong sonder Wie hulle almal geen tydelike bestaan het nie.

Bronne

- Du Toit, J.D. 1935. Enkele grondbeginsels van die Calvinisme. In: *Koers in die krisis*, 1. Stellenbosch: Pro Ecclesia
- Stoker, H.G. 1967. *Oorsprong en rigting*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers
- Strauss, H.J. 1964. *Christelike wetenskap & Christelike onderwys*. Pretoria: Sacum 

Nie meer 'man' of 'vrou' nie



Weg met geslagtelikheid

Uit die VSA berig **dr Peter Jones** van CWIPP, wat ook al by een van ons kongresse opgetree het, dat die regsdirekteur van die Transgender Law Center in San Francisco, Kristina Wertz, haar verbasing uitgespreek het oor die uitreiking van munisipale identiteitsdokumente aan inwoners van die stad, waarop daar 'n naam, geboortedatum en foto verskyn, maar geen geslagsaanduiding nie. Die verstommende is dat die meerderheid van kontemporêre Christene in die stad, wat glo dat egalitarisme (dieselfde rolvervulling vir mans en vroue in die kerk en gesin) 'n essensiële element van Christenskap behels, skynbaar ongesteurd voorkom. Die gebeure in San Francisco is, volgens dr Jones, 'n beslissende oomblik in die geskiedenis, vir twee redes:

(i) Die herdefiniëring van geslagtelikheid

Wat die Amerikaanse burgerlike reg onlangs in wetgewing toegestaan het, behels 'n totale herdefiniëring van menslike geslagtelikheid, wat o.m. deur die onlangse verskyning van 'n boek beklemtoon word. Die bekende frase "make love not war" gedurende die Vietnamese oorlog het destyds onskuldig geklink, maar daardie 'liefde' wat deur die hippies voorgestaan is, het duidelike neerslag gevind in die verskyning van die boek van Neal Donald Walsch met die volgende slagspreuk: "I envisage a world where we can make love to anyone, any way we wish to, at anytime, anywhere". Walsch gaan

nie in detail daarop in nie, maar die strekking daarvan is duidelik en skokkend.

'n Ander voorstander van die uitwissing van geslagtelikheid, Virginia Mollenkott, eens 'n Presbiteriaanse professor in Bybelse letterkunde, verkondig in haar pragmatistiese Omnigender in 2001 dat 'n nuwe trans-religieuse benadering op soek is na 'n samelewing waarin daar geen geslagsverbodinge sal wees nie. Die begeerde "omnigender"-samelewing wat, volgens haar, die moeite werd is, sluit ten minste sestien geslagsidentiteitsopsies in, waarin manlikheid en vroulikheid genivelleer word. Mollenkott het vir die uitskakeling van onderdrukkende geslagspesifieke naamwoorde soos 'hy' en 'sy' gevra. Mollenkott se beroep dat 'M' en 'V' uit regeringsdokumente (insluitende huweliksertifikate) verwyder word, het nou sy weg na publieke kwessies gevind, danksy die stadsowerhede van San Francisco en New Haven, waar dit in wetgewing vervat word. Dit kan as 'n oorwinning vir die voorstanders van poli-geslagtelikheid gesien word en dit in 'n oorwegend Christelike stad. Waar is die Christelike getuienis wil 'n mens vra?

(ii) Die verwerping van geskape geslagtelikheid

Die apostel Paulus dui in Romeine 1:25-28 ("hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper ...") aan dat 'n verandering in geestelike oriëntasie soos hierbo (die paganistiese verwerping van die Skeppergod) noodwendige geperverteerde geslagtelikheid voortbring. Die proses werk ook andersom. Die poli-seksualis, Mollenkott, het haar lewe as 'n evangeliese Christen begin, maar eindig nou in 'n politeïstiese vind van die 'waarheid' in alle godsdienste. Haar kultuur van geslagsperverteringe het haar ver van die God van die Bybel af geneem na veelgodeverering.

Dr Jones sê voorts dat baie van ons dink dat geslagtelikheid van bloot sekondêre belang is. Nou vind ons in die tradisioneel-Westerse godsdiens en kultuur dat ons stadig maar seker deur hierdie ideologie van politeïsme geïnfekteer word, wat nou reeds duidelik met poli-geslagtelik-

heid geassosieer word. Dit word behendig deur die propagandiste daarvan as 'n saak van 'billikheid' en 'burgerlike reg' verdoesel, waardeur baie Christene mislei word.

Christelike verantwoordelikheid en getuienis

Dit het tyd geword dat ons as Christengelowiges met oortuiging en teologiese helderheid die waarheid van die Skrif herbevestig dat geslagtelikheid nie 'n sosiale of psigologiese konstruksie is nie, maar 'n soewereine daad van God volgens Genesis 1:26-27:

"En God het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na ons gelykenis en laat hulle heers...

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het hy hom geskape; man en vrou het hy hulle geskape."

Op hierdie waarheid berus die waardigheid van menslike lewe; 'n waarheid wat nie net vir Christene is, soos wat Psalm 96:10 verklaar: "Sê onder die volke: Die Here is Koning! Ook staan die wêreld vas, sodat dit nie wankel nie. Hy sal die volke regverdig oordeel."

In pas met die Transgender Law Center van San Francisco gee liberale Presbiteriane van dieselfde stad te kenne dat geslagtelikheid nie essensieel aan die kerklike geloof is nie. Natuurlik, sê dr Jones, neem die ontkenning van geslagtelikheid op Bybelse grondslag ons op die pad van gnostisisme (siening dat esoteriese kennis eerder as geloof in God die sleutel tot saligheid is). Die God van die Bybel is nogtans onteenseglik Skepper en Verlosser. Om ons heteroseksualiteit nie as deel van ons goddelik-geskape beeltenis in te sien nie, bring daarmee saam die verreikende implikasie dat ons ook ons gees afsluit van die goddelike verlossingswerk van die evangelie, en gevolglik ons saligheid soek in die gode wat ons verkies om self te maak.

As ons ons skouers ophaal t.o.v. die onderwysing van normatiewe heteroseksualiteit (bv. in die huis en in die skool), ontnem ons die wêreld God se plan van verlossing. Ons moet dus opstaan en met oortuiging ons geslagsidentiteite as man en vrou verdedig en ons huwelike laat skitter met die prag en skoonheid wat van ons hemelse Bruidgom afstraal.



Die nuwe handves van verantwoordelikhede: dokter dit die simptoom of die oorsaak?

Prof. J.L. van der Walt
Fakulteit Opvoedingswetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit



Die probleem

Na aanleiding van die voorgestelde 'Eed' of Verklaring van Trou van die Minister van Onderwys gebruik dr J. de Klerk-Luttig van die Universiteit van Stellenbosch die artikelopskrif "Eed: Pleister of Chirurgie?" (*Die Burger*, 26 Feb. 2008). Ook in die geval van die voorgestelde Handves van Verantwoordelikhede vir Leerders sou 'n mens iets soortgelyks kon vra: is die onderwysowerheid van die dag, en ook die Nasionale Forum van Godsdiensteleiers nie met die voorgestelde Handves besig om te probeer dokter aan die simptome van die siekte van ons land nie – in plaas daarvan om deur te dring tot die werklike oorsaak daarvan en dit dan te probeer dokter nie?

Die inhoud van die Handves

Om 'n antwoord op hierdie vraag te vind moet ons kortliks eers let op die inhoud van die voorgestelde Handves. Dit lui naamlik soos volg (die gedeelte in die kolparagrafe is deur die *Die Burger* van 19 Feb. 2008 vertaal):

Aanhel: Ek aanvaar die oproep tot verantwoordelikhede wat gepaard gaan met die baie regte en vryhede wat ek bevoorreg is om te deel op grond van die opofferings en die lyding van diegene wat voor my was.

- ◆ om vriendelik, medelydend en sensitief te wees teenoor elke mens, asook om hulle hartlik te groet en beleefd met hulle te praat;
- ◆ om jou ouers te respekteer en hulle te help;
- ◆ om gereeld skool toe te gaan, te leer en hard te werk;
- ◆ om met respek saam met onderwysers en medeleerders te werk;
- ◆ om te erken dat dit harde werk verg om 'n goeie en suksesvolle lewe te leef en dat alles wat die moeite werd is net met inspanning kom;
- ◆ om nie ander seer te maak nie, te boelie of te intimideer nie;
- ◆ om trots te wees om persoonlike en openbare eiendom te beskerm en nie te vat wat aan andere behoort nie;
- ◆ om volhoubare ontwikkeling, bewaring en beskerming van die natuurlike omgewing te bevorder;
- ◆ om gesond te leef deur oefening te doen, reg te eet, nie te rook of alkohol te misbruik nie en nie dwelms te gebruik nie. Ook nie om onverantwoordelik op te tree wat tot infeksie van myself of andere met oordraagbare siektes soos MIV/VIGS sal lei nie;
- ◆ om in die lig van klimaatsverandering te verseker dat skaars hulpbronne soos water en elektrisiteit nie vermors word nie;
- ◆ om die wette van die land te onderhou; en
- ◆ om te beseft dat reg tot vryheid van spraak nie onbeperk is en mens nie toelaat om uitsprake te maak wat haatspraak bevorder of wat gegrond is op vooroordele met betrekking tot ras, etnisiteit, geslag of geloof nie.

'n Deurbraak?

Hierdie Handves is volgens rabbi W. Goldstein van die Forum van Godsdiensteleiers 'n eerste ter wêreld, en maak dus in hierdie opsig 'n deurbraak. Verder is dit 'n poging om die kritiek op die Handves van Menseregte (in ons land se Grondwet opgeneem as Hoofstuk 2 daarvan) teen te werk dat daar eensydige nadruk op die regte van mense geplaas word. Die voorgestelde Handves gee in soveel woorde te kenne dat elke menslike reg ook gepaard gaan met 'n bepaalde verantwoordelikhede. 'n Mens sou ook kon sê dat die Minister van Onderwys en die Forum op die regte plek begin, naamlik by die leerders in ons skole. **Maar is dit inderdaad die regte plek?**

Prinsipiële tekortkominge

Dit wil voorkom of die voorgestelde Handves ook maar net 'n pleister is, dat dit ook maar net die simptome van ons land se probleme wil probeer dokter, juis omdat hierdie twee instansies (die Ministerie en die Forum) nie die oorsaak van die probleme kan of wil raaksien en regdokter nie. Hoekom sê ons so? Ons land word veral sedert 1994 weens 'n wye verskeidenheid van oorsake geteister deur geweld en misdaad. Dit wil inderdaad voorkom asof al die mooi formuleringe van die regte van ons land se burgers in die Grondwet maar net vir sekere mense in ons bevolking enige betekenis het, en deur hulle eerbiedig word. 'n Aansienlike persentasie ander, te oordeel aan die misdaadstatistiek, steur hulle nie daaraan nie, of is nie eens bewus van die bestaan van die **Handves van Menseregte nie. Mense se regte word derhalwe om elke hoek en draai in ons land aangetas.**

Die vraag kom by 'n mens op waarom dit dan die geval sou wees. In sy onlangs verskene boek *In Europa kom die historikus-joernalis, Geert Mak, tot die gevolgtrekking dat die*

Vervolg op bl. 12

Vervolg van bl. 11

'siekte' van waardeverwerping oor 'n groot deel van die wêreld voorkom. Hoekom sou dit die geval wees? Een verklaring hiervoor lê in die sekularisme. Afgesien van 'n handvol lande waar daar nog 'n waardesisteem heers wat gefundeer is in die een of ander godsdiens of lewensbeskouing (hier dink 'n mens veral aan Moslemlande), het die meeste lande ter wêreld die pad van die sekularisme gegaan. Die norme en waardes wat hulle samelewings beheers is eintlik gereduseer tot 'woorde' wat in sigself inhoud- en betekenisloos is, en waarmee niemand gevolglik 'n probleem kan hê nie. **Neem byvoorbeeld die 'woorde' (die mensereg) 'Elkeen het die reg op lewe'. Met die woord 'lewe' op sigself kan niemand 'n probleem hê nie; die weë gaan egter uiteen as ons vra: Wat is lewe? Wie gee lewe? Wat is die sin van lewe? Hoekom het 'n mens reg op lewe? Wie mag 'n lewe gee of neem?**

Die leë of holle woorde wat in byvoorbeeld Handveste van Menseregte staan bly net dit - blote holle leë woorde - as hulle nie met betekenis of inhoud gevul word vanuit 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing of godsdienstige oortuigings nie, as hulle nie in die een of ander godsdienstige of lewensbeskoulike waardesisteem gefundeer is nie. 'n Christen se antwoorde op die vrae hierbo gestel sal byvoorbeeld ingrypend verskil van dié van 'n Boeddhis. Met ander woorde, sodra die 'dun', 'leë' of 'hol' woorde wat in die Handveste opgeneem is nie met lewensbeskoulike en godsdienstige inhoud ingevul of 'verdik' word nie, het ons nie 'n werklike normsisteem waarop ons ons gedrag kan skoei nie. En dit is miskien juis die oorsaak van ons diepgesetelde probleem in Suid-Afrika: in ons gesekulariseerde samelewing (een waarin kerke, moskees ens., en godsdienste soos die Christendom, die Judaïsme ens. geen rol in die openbare lewe mag speel nie) is ons Handves van Menseregte net 'n dun, leë en hol sisteem van woorde wat vir geen persoon werklike persoonlike betekenis het of dra nie.

En nou kom daar nog 'n Handves van Verantwoordelikhede vir Leerders op die tafel. En dié ly aan presies dieselfde tekortkoming, naamlik dat dit bestaan uit 'n twaalfal leë woorde. Kom ons neem een voorbeeld: Om nie 'n ander seer te

maak, te boelie of te intimideer nie. Hoekom sal ek so iets onderneem as ek nie verstaan waaroor dit gaan nie? Veronderstel ek is 'n arm, honger inwoner van 'n plakkerskamp en ek kom vanoggend by die skool aan. Tydens pouse merk ek iemand anders wat twee appels in sy skooltas het, en hy weier om vir my een te gee. Wat verhinder my om hom seer te maak, te boelie of te intimideer om my een te gee sodat ek ook kan eet? Hoekom mag ek nie geweld gebruik in hierdie omstandighede nie? Hoekom is geweld nie in hierdie omstandighede geregtig nie?

Dit is duidelik dat die woorde in die Handves van Verantwoordelikhede nie veel waarde het solank hulle nie met inhoud gevul word nie, solank hulle nie in die een of ander godsdienstige en lewensbeskoulike sisteem gefundeer is nie.

En dit bring 'n mens dan by die vraag: Hang die plakkate waarop die voorgestelde Handves van Verantwoordelikhede vir Leerders gaan verskyn op die regte plek as hulle in klaskamers hang? Volgens die Beleid op Godsdienste in die Skole (2003) mag kofessionele godsdiensterwys juis nie in die klaskamers gegee word nie! Die inhoud van die Handves moet dus, wat die onderwysers in die klaskamers betref, leë en hol woorde bly.

Moet die plakkate dus nie liever in die voorkamers van ons ouerhuise hang nie? Volgens ons huidige beleid oor godsdienste in die skole is dit die ouers (en daarnaas ook hulle godsdienstige instansies soos kerke en moskees) wat kofessionele inhoud aan hierdie leë woorde moet gee. Indien die ouers hierdie plig versuim, sal hulle kinders net by die leë woorde bly, en sal die Handves — net so min as die Handves van

Menseregte tot dusver — enige beduidende invloed op die gedrag van ons land se mense hê.

Slotsom

Hoewel die voorgestelde Handves van Verantwoordelikhede vir Leerders poog om een tekortkoming aan te vul, naamlik om die nadruk op die verantwoordelikhede van leerders te lê naas die regte waarop hulle aanspraak maak, vermoed ons dat ook die inhoud van hierdie Handves nie enige ingrypende veranderinge gaan meebring aan die gewelds- en misdadadkultuur in ons land nie. Aan die ander kant — wie kan in hierdie stadium sê? — het rabbi Goldstein van die Forum dalk gelyk as hy sê: "Die Handves van Verantwoordelikhede is 'n opwindende inisiatief wat poog om vir ons kinders 'n stel geldige en waardevolle woorde te gee wat hopelik kan meeding met al die ander boodskappe wat hulle elke dag ontvang." (*Sunday Times*, 9 Mrt. 2008).

In aansluiting by die bostaande artikel word die volgende gedeelte uit die werk van prof. Strauss, H.J. (1964, *Christelike wetenskap en Christelike onderwys*, Pretoria: Sacum, pp41-42) aangehaal:

Daarom, deur in aards-tydelike dimensie na die menslike persoonlikheid ophelderend te kyk, word hoegenaamd nie sy onlosmaaklike verband met God deurgesny nie. Daar bestaan dus nie twee mense nie — die één die beeldraer van God en die ánder die beeldraer van sy aardse tuiste nie. Nee, ons kyk hier juis na die mens, die beeldraer van God, soos deur Hom toegerus met 'n persoonlikheid vir aardse diens tot eer van sy Skepper. Dit is trouens die mens op aarde wat beheersende vormingswerk moet doen, en dit is die mensekind op aarde wat opgevoed moet word tot die diens van God met sy héle hart. — Red. 

Nuutste elektroniese publikasies

Dit is 'n voorreg om ons nuutste elektroniese publikasies onder die aandag van ons lede te bring. Dit behels die volgende: (i) Die HG Stoker akademiese publikasie, *In U lig*, wat aan die begin van 2007 bekendgestel is, en al die gepubliseerde en ongepubliseerde werke van die outeur bevat. Hierdie publikasie is steeds teen R100-00, posgeld ingesluit, beskikbaar. (ii) Die hersiene en opgegradeerde *Kurrikulum vir Bybelonderrig*, grade 1 tot 12, wat vir gebruik in die ouerhuis en die skool ontwikkel is, is teen 'n bedrag van R60-00, posgeld ingesluit, beskikbaar. (iii) Die studiestuk, *Skepping en/of evolusie*, wat vir gebruik deur ouers en onderwysers ontwikkel is, en wat 'n viertal bydraes bevat wat die evolusionisme vanuit verskeie aspekte ondersoek, te einde die geldigheid daarvan, al dan nie, eerstens as wetenskap en tweedens gemeet aan die Bybelse waarheid, te bepaal. Die studiestuk is teen R50-00, posgeld ingesluit, beskikbaar. Al hierdie publikasies is vanaf die kantoor verkrygbaar, deur korrespondensie aan die: VCHO, Posbus 1824, BLOEMFONTEIN, of 'n telefoonoproep na 051- 525 2341, te rig. Tjeks moet aan die VCHO uitgemaak wees.

Veel te put uit die Waldense se volharding

Onlangs het daar 'n historiese roman getiteld: *Rora: one man, one faith, one stand against impossible odds*, deur J.B. Huggins verskyn, waarin die fokus sterk op die hoofkarakter se rol geplaas word. Die romantisering van die lewensloop van die Waldense, soos in hierdie boek, kan die werklike betekenis van hulle volharding onder baie moeilike omstandighede op die agtergrond skuif. Tog is dit met hierdie boek nie die geval nie, maar dra dit eerder daartoe by om die aandag by hernuwing op hierdie besondere groep mense te vestig. Die vraag kan met reg gevra word: van watter betekenis is die Waldense vir ons in die 21ste eeu?

Die raakpunte van ervaring met ons eie volk is sekerlik daarin geleë dat ons in die verloop van ons geskiedenis al veel moes deurmaak om ter wille van ons Christelike geloof en strewe om maar net onself te wees staande te bly, wat, gelet op die Waldense se sonderlinge wedervaringe, vergelykbaar sou kon wees, maar dan met die kwalifikasie daarby dat hulle net nog soveel meer moes deurstaan en verduur, onder die aanslag van voortdurende vervolging. Indien ons hieruit kan put sover dit ons eie stryd om voortbestaan betref, kan 'n korrekte waardering van die Waldense se standvastigheid veel meer daartoe bydra om ons te bemoedig en te inspireer as wat ons dalk vermoed.

Pogings word in sommige bronne aangewend om die Waldense te koppel aan 'n persoon, ene Waldus, wat gedurende die 11de/12de eeu in Lyon, Frankryk geleef, wat in 1175 sy handelaarstatus prysgegee en 'n gemeente, wat die "Armes van Lyon" genoem was bymekaargeroep het. Die gemeente het hom daarop toegelê om in eenvoud te lewe en rond te gaan om die evangelie te verkondig. Die inhoud van hulle geloofsleer, wat byvoorbeeld werkheilighede ingesluit het, het egter sóveel van wat by die Waldense aangetref word

verskil, dat hierdie koppeling nie sonder sonder meer gedoen kan word nie.

Die Waldense se werklike oorsprong soos deur navorsing aangedui, is dat daar 'n direkte verband tussen hulle en die Christene wat na die verwoesting van Jerusalem na omliggende gebiede en daarna verder Europa in gevlug het, getrek kan word. Daar waar hulle hulle gevestig het soos o.m. Antiochië en Thessalonika is die Christelike geloof voortgedra, en het verskeie gemeentes ten gevolge hiervan ontstaan, byvoorbeeld in Judéa en Samaria. Ons weet ook dat dit aan sending- en evangelisasiewerk in Europa, asook die verstrooiing van die Christene daarheen te danke is dat daar steeds nuwe Christelike gemeentes in groot dele van daardie kontinent tot stand gekom. Ten gevolge hiervan het kleiner gemeentes ook later in Frankryk en Italië ontstaan. Daar het die gemeentes waarskynlik vir die eerste keer met die Rooms-Katolieke Kerk in botsing gekom, vanweë onversoembare geloofsverskille en die feit dat die valshede van die Roomse Kerk daar ontbloom is.

Die opvallende verband wat die Waldense met veral die gemeentes van Klein-Asië het, blyk duidelik daaruit dat hulle die Woord van God suiwer bewaar het, en waar hulle ookal gekom het daartoe bygedra het om die Christelike grondslae goed en stewig te vestig, wat die voortgang van die Christendom bestendig het. Die geloofswaarhede en leerstellinge wat deur die Waldense bely en uitgeleef was, stem so treffend met dié van die gemeentes van Klein-Asië ooreen, dat dit nie misgekyk kan word nie. Die Waldense ontleen hulle benaming aan die Franse "Vaudois", wat in Romaans na "Waldense" vertaal. Hulle het as "die mense van die valleie" bekend gestaan, omdat hulle veral in die valleie van die gebergtes in die Suidooste van Frankryk en die Noorde van Italië in die omstreke

van die Alpe 'n eiesoortige en moontlik vreemdsoortige bestaan gevoer het. Die rede waarom hulle die afgesonderde valleie verkies het was dat hulle daar skuiling en veiligheid gevind het. Die Roomse Kerk het naamlik 'n eeuelange uitwissingsveldtog teen die Waldense gevoer, waarin duisende van hulle doodgemaak was. Die vervolging teen hulle was vanweë die feit dat hulle onwrikbaar by die suiwer Christelike geloofsleer, soos deur die apostels van die Here Jesus oorgedra, gestaan het.

Die Waldense was hardwerkend en geaardheid en 'n kenmerk was dat hulle Die Bybel besonder goed geken het. Dit was die Hoofbron vir hulle lewe van eenvoud en reinheid, en waaruit hulle kinders onderrig ontvang het. Die afleiding kan gemaak word dat hulle nie veel aan aardse besittings gehad het nie. Die Waldense het sterk daarop gestaan dat regverdiging slegs deur die geloof verkry word, dat die gedoopte se lewe met die geestelike inhoud van die doop moes ooreenstem, en dat Christus nie vleeslik in die Nagmaal teenwoordig is nie. Hulle was sterk afwysend teenoor: 'n afkoopstelsel vir sondes; beelde, relikwieë en skilderye in die kerk, en die verheffing van heiliges. Die Waldense het veel gedoen om sekere leerstukke van die Christelike geloofsleer op skrif te stel en dwaalleer te bestry. Ongelukkig is baie hiervan in opdrag van die Roomse Kerk vernietig, en ander het uit biblioteke verdwyn.

Felle vervolging van die Waldense deur die Roomse Kerk het reeds ongeveer vroeg in die 7de eeu begin en tot laat in die 17de eeu voortgeduur. Ruimte ontbreek om kronologies in besonderhede daarop in te gaan. Dit was egter veral gedurende die 16de eeu dat dit in felheid toegeneem het. Hulle is van kettery beskuldig, slegte gerugte is oor hulle

Vervolg op bl. 14

versprei en skeldname aan hulle toegedig. Voorvalle van ongekende wreedheid is onder meer dat predikante om die lewe gebring was, van lewendige verbranding, berowing en brutale vermoording, die gebruik van pynbanke en verwurging, hulle is opgehang, vermink, lewendig van kranse afgegooi of begrawe, wat alles in die naam van die pous geskied het.

Die boek waarna vroeër verwys is verhaal die gebeure by Rora, een van die hoogste valleie, waar daar uiteindelik teen die Rooms-gesinde weermag opgetree, en die aanval afgeslaan was.

Die belangrike getuienis in verband met die Waldense is veral (i) hulle volharding wat oor eeue heen gestrek, en uiteindelik daartoe gelei het dat hulle die Rooms-Katolieke Kerk beslissend teengestaan het, (ii)

hulle standvastigheid wat die Christelike geloof betref, en (iii) dat hulle as voor-hervormers gereken word, wat tot die Hervorming gelei het. Teen ongeveer die helfte van die 16de eeu het die Waldense hulle by die Hervormingskerke in Frankryk aangesluit. As gevolg van die herroeping van die Edik van Nantes in 1685 het die Hugenote na Protestantse lande uitgewyk, van wie die Waldense toe reeds deel was. – Red.



Praktykmaking van Christelike onderwys

Sedert die publikasie van die VCHO-studiestuk nr 9, in November 1997, met die titel *Voed hulle op – Grondslae vir Bybelgefundeerde primêre en sekondêre skoolonderwys* het daar nog nie veel tereggekome om “neutrale” skoolonderwys om te keer tot ’n Bybelgefundeerde benadering in gereformeerde geleedere nie, behalwe in privaat onderwys en privaat skole. Hierdie leemte in die onderwys van gelowige kinders is vandag met die volle implimentering van Kurrikulum 2005 deur die Staat, nog meer dringend as in 1997.

In hierdie bydrae word nogeens gemotiveer waarom Christelike onderwys ’n noodwendigheid is in die opvoeding en onderrig van kinders uit gelowige huise. Die twee opponerende lewens- en wêreldbeskouinge, wat onderskeidelik uit die Renaissance en die Hervorming sedert die Middeleeue ontwikkel het, word kortliks geskets. Daarna word die noodwendigheid van Christelike onderwys vanuit die kultuuropdrag aan die mens gemotiveer. Die taak en plig van die gelowige in die uitleef van die kultuuropdrag vind sy neerslag in die praktykmaking van Christelike onderwys.

Vanaf die Middeleeue tot die Postmoderne tydvak

Vir die vroeë Christene was God die waarheid waardeur die werklikheid verstaan moet word. Die onmiddellike verband met God geskied in die mens se gees en nie in die wêreld nie. Die denke in die Middeleeue was dan ook op die mens se gees en sy verbintenis tot God gerig en nie tot die wêreld waarin die mens

leef nie. Dit was eers met die Italiaanse Renaissance en die Hervorming dat die mens se denke en belangstelling langsaam tot die natuur en die samelewing gerig is.

Die humanisme met sy uitgangspunt van die mondige mens met outonome rede (verstand), het uit die Renaissance gegroei en het in die agtiende eeu gelei tot die sogenaamde Verligting, ’n periode wat ook die eeu van die rede genoem word. Toenemende natuurwetenskaplike kennis het gelei tot die geloof van neutraliteit van die natuurwetenskappe, dit wil sê Bybelse perspektiewe en waarhede speel nie ’n rol in die vorming van wetenskap nie. “Neutrale” wetenskap is die produk van ’n gesekulariseerde (verwêreldlikte) lewe. In ’n gesekulariseerde samelewing word God weggedink tot die randgebiede van die lewe en bestaan nie as wetenskap gevorm en beoefen word nie, en geloof word uit die lewe na die kerk weggeskuif.

Vandag, met die postmodernistiese tydsges, worstel teoloë en natuurwetenskaplikes met die probleem hoe God in die verloop van sake in die wêreld werk. Die modernistiese meganistiese beeld van oorsaak en gevolg, wat dinge volgens wiskundig-geformuleerde wette van die natuur laat gebeur, is nog daar. Hierdie ketting van oorsaak en gevolg het egter nou oopgegaan. God kan in die prosesse in die natuur inkom en die verloop beïnvloed en bestier. Die probleem waarmee vandag geworstel word, is hoe doen God dit? Teïstiese evolusie is ’n voorbeeld van hierdie worsteling.

Die beheersingsopdrag

Teen die einde van die sesde skeppingsdag het God sy skeppingswerk voltooi en toe het die mens se taak begin om oor hierdie grootse skepping as God se verteenwoordiger te heers (Gen.1:28). As die ewebeeld van God, het die mens sowel die gawe as die opdrag van God ontvang om deur te heers die natuur as God se skepping te versorg (op te pas) en te bewerk (Gen 2:15). Hierdie beheersingsopdrag vorm ’n baie dinamiese aspek in menslike aktiwiteite, waarvan die mens ook aan God rekenskap moet gee. In Genesis 4 word ’n reeks aspekte van die vroeë mens se skeppende ervaringe genoem.

Met die Hervorming het die Christene weer die natuur as ’n gawe van God aan die mens gesien, wat die mens kan ondersoek, bewerk en bewaar. Die Hervorming het nuwe betekenis gegee aan die skepping van die wêreld deur God en die voortrefflike genade van God, wat gerig is op die wêreld wat Hy deur sy genade gemaak het, en wat gerig is op die roeping van die mens en op die volvoering van sy Raadsplan met die skepping.

God se beheersingsopdrag aan die mens het nie deur die sondeval verval nie, maar die kwaad het deel van die mens en sy beheersing van die natuur geword. Daarom sal volkome vryheid aan die mens uitloop op wanorde en die verwesening van God se doel met sy skepping.

Vervolg. op bl. 16

DIE JONGSPAN

Dagsê Maats

Ons groet julle hier in die tweede kwartaal, met die vertroue dat julle skooljaar goed op dreef is. Ja, nou lê baie vir ons voor na die midjaar toe, daarin dat ons maats onder andere besig sal wees om voor te berei, sodat toetse en/of eksamens afgelê kan word. Sterkte hiermee, en mag julle die krag daartoe ontvang. Daar is baie op ons programme wat hierdie kwartaal ons aandag en tyd in beslag sal neem, en daar is veel wat ter wille van julle elkeen se toekoms gedoen sal word. Hieraan werk ons ouers en onderwysers mee, omdat hulle julle belange op die hart dra, en in die eerste plek 'n verantwoordelikheid vir hulle kinders se grootword teenoor die Here het. Om hierdie rede kan en moet ons voortdurend ook vir hulle bid, veral omdat ons weet dat hulle taak, in die tyd waarin ons lewe, glad nie so maklik is nie.

Ons wat in Hom glo weet egter dat dit Hy is wat aan ons sy Woord en Gees gegee het, sodat ons ons werk in die lig daarvan sal kan doen. 'n Bekende leuse vroeër aan een van ons universiteite was: "In U lig sien ons die lig", wat vandag nog net so waar is. Dit is die Here wat ons lewens verlig deur sy Woord, sodat ons op die regte koers kan bly, en wat aan ons die kragte verleen en ons toerus om dit te kan doen. Daarom is die gereelde bywoning van eredienste en godsdienste daar in ons ouerhuise, of daar waar ons weg van ons ouerhuise loseer, vir ons so belangrik. Daar leer ons verstaan wat die Here se heilige wil en bedoeling vir ons lewens is. Ons het hierdie kennis nodig, sodat ons sal verstaan en weet hoedat ons ons lewens hier

op aarde moet inrig, sodat dit aan die vereistes wat die Here vir ons stel sal beantwoord. Dit betrek ons hele lewe, omdat daar, soos wat ons gereformeerdes die Bybel verstaan, nie 'n faset van ons bestaan is wat nie in diens van die Here gestel moet word nie.

Dit beteken met ander woorde dat ook daardie werk wat nie so direk met ons kerklike en godsdienstige lewe te doen het nie, daarby ingesluit word. Dit behels ons kulturele werk, dit wil sê daar waar ons elke dag besig is om in die skepping van God ons lewenstaak te vervul. En nou hoef ons nie vir ons maats dit alles op te noem nie, omdat julle reeds bewus is van die baie soorte werk waarmee mense hulle elke dag besig hou. Daar is byvoorbeeld mense wat in kantore werk; daar is andere wat produkte vervaardig vir menslike gebruik, andere hou hulle besig met ontwerpe van allerhande soort, andere met sang en musiek; nog ander is gekwalifiseer as dokters, prokureurs, rekenmeesters, 'n dosent/lektor aan 'n universiteit, en so kan ons voortgaan. Moontlik het jy ookal vir jouself 'n goeie idee van wat jou eie belangstelling(s) is, en waarin jy jou eendag sal wil bekwaam. Die meeste van ons wil mos eendag 'n plekkie volstaan, waar ons betrokke kan raak in die samelewing. As mense wat na die beeld van God geskape is, is ons mense wat hier in sy skepping Hom moet dien deur die kultuur wat ons voortbring. Dit wat ek in die skool geleer word, en dit waarmee ek my buite die skool besig hou, selfs in my vrye tyd, het alles te doen met die kultuur wat ek tot Sy eer moet beoefen. Julle sien

du dat dit neerkom op wat ek doen of nie doen nie, waarvoor ek kies of nie kies nie. Hieruit behoort ons nou goed te begryp dat sekere kultuur in ons samelewing nie tot eer van die Here strek nie. Ons noem slegs een voorbeeld: om aan mense mediese middels te verskaf wat hulle gesondheid bevorder, is kultuur wat aan God se wil beantwoord. Daarenteen: om aan mense middels te gee waardeur hulle lewens afgetakel word, is 'n kultuur wat teen Sy wil is.

Maats, nou is die wonderlike dat die grootse verskeidenheid van die skepping van die Here vir ons daardie geleentheid bied waar ons elkeen 'n besondere bydrae kan maak. Ja ons moet erken dat die toestande in ons eie land tans ongelukkig so is dat mense wat hulself vir die een of ander werk kwalifiseer, ontnugter word, omdat hulle dan moet ontdek dat hulle nêrens 'n aanstelling kan kry nie, en dan maar kies om in die buiteland te gaan werk. Dit is 'n groot jammerte dat mense as't ware gedwing word om alles wat vir hulle kosbaar is so agter te laat, vir 'n bestaan elders as in Suid-Afrika. Aan die ander kant moet dit vir ons 'n voorreg wees, indien daar wel vir ons ruimte hier of elders is waar ons ons godgegewe talente deur middel van kultuurwerk wat Hom verheerlik kan verrig, wat ons in dankbaarheid wil doen.

Gen.1:28 - "Toe het God hulle geseen en vir hulle gesê: 'Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.

Vervolg van bl. 14


ping sal in gedrang kom. God het aan die wêreld deur sy wette of verordeninge (daarvan getuig die ordelikheid en reëlmatigheid in die stoflike natuur, die plante- en diere-ryke en in die menslike samelewings en lewenservaringe) 'n relatiewe mate van onafhanklikheid gegee, en Hy bly alles onderhou en bestier tot die voleinding volgens sy Raadsplan. Hy het ook die belofte van die ewige lewe gegee (onder andere Joh. 3:15-17), vir dié wat in Hom glo.

Die verlossende genade van God in Christus Jesus is nie slegs gerig op

die herstel van die mens se verhouding tot God nie, maar ook die herstel van die mens tot sy volle menswees in al sy ander verhoudinge, onder andere ook in die uitoefening van sy beheersing van die skepping tot eer van God en tot die koms van sy Koninkryk. Die mens word nie uit sy sonde verlos om slegs te evangeliseer nie, maar moet sy verlossing laat deurwerk in sy hele lewe: in sy verhouding tot God, tot die wêreld, tot sy medemens en tot homself, en daarmee in sy werk en die uitoefening van sy beheersingsopdrag. Hierin moet kinders deur hulle ouers opgevoed word en op skool onderrig word, om


met insig hulle roeping en take te kan nakom, tot eer en verheerliking van God, die Skepper en Onderhouer tot die Voleinding. Hierby sluit die VCHO-studiestuk nr 9, *Voed hulle op*, aan. In Afdeling B word in tien verskillende vakgebiede leiding gegee in Praktijkmaking van Christelike Onderwys.

P.H. Stoker
Potchefstroom


Nota: Die publikasie *Voed hulle op* is steeds vanaf die Vereniging se kantoor verkrygbaar teen R30-00, posgeld ingesluit. Skakel 051- 525 2341 of 525 2267 en plaas u bestelling asb. 

VCHO-publikasies vanaf die kantoor beskikbaar


Gekwoteerde pryse is inklusief.



R100-00



R60-00



R30-00

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

Redakteur: Ds. C. Bester
Kernredaksie: Prof. A.W.G. Raath,
Prof. D.F.M. Strauss.



Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 /9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof. A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-sitter), Ds. S. le Cornu (Carltonville), Prof. P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds. G. van Heerden (De Deur), Prof. R. Marè (Pretoria), Prof. I.H. Horn (Pretoria), Ds. G. Opperman (Brits), Dr. H.G. Stoker (Pretoria), Prof. E.J. van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds. H. Hefer (Brakpan), F.A. van Deventer (Pretoria), Prof. J.A.E. Adendorff (Germiston), ds. J.J. Viljoen (Pretoria), Dr. A.L.A. Buys (Pretoria).

Uitvoerende Beampte: Mnr. H.J. Hayes